Dr. P. J. Roscam Abbing ea., *Zielzorg aan Maatschappelijk getypeerde mensen*, Boekencentrum N.V. 's—Gravenhage, 1959.

Hierdie werk is 'n verdere uitgawe in die reeks „Praktisch Theologische Handboekjes" (no. 16/17) en wil aansluit by no. 8/9 getiteld: „Zielzorg". Laasgenoemde werk is 'n besinning oor sielsorg aan mense in hul verskillende „zielsgesteldheden". Die uitgawe onder bespreking volg 'n ander lyn en gevolglik kom ander groepe van mense onder die soeklig. Soos die naam aandui is die bepalende faktor die persoonlike en maatskappelike omstandighede waarin die mense lewe. Daar word uitgegaan van die standpunt dat die mens in maatskappelike opsig gebonde is en tot 'n bepaalde groep behoort wat meebring dat die psigiese en sosiale gegewenhede waarmee hy lewe dikwels 'n sekere nood laat onstaan waarin die hulp van die sielsorger onontbeerlik is. Daarom definieer P. J. Roscam Abbing die sielsorg as die sorg vir die medemens „die erop gericht is hem te helpen om te leven uit de vrijheid waarmee Christus hem heeft vrijgemaakt."

Die boek is saamgestel uit 'n elftal artikels elk deur 'n ander outeur geskrywe naalik:—

Zielzorg aan

| | |
|---|---|
| De Ongetrouwde vrouw ...... | M. H. van Everdingen |
| Hen die Kinderloos zijn ........ | W. J. Vaandrager-Busschers |
| Ouders die in Zorg zijn over hun Kinderen ................ | Dr. H. Faber |
| Hen die weduwee of weduwnaar zijn ................... | Anonyma |
| Hen die Gescheiden zijn ...... | Dr. C. L. Tuinstra |
| Hen die huwelijksmoeilijkheden hebben ................. | Dr. E. van der Schoot |
| Hen die Homosexueel zijn | |
| Het medisch aspect ........ | Dr. A. Poslavsky |
| Het Pastoraal aspect........ | Prof. Dr. P. J. Roscam Abbing |
| Hen die Ziek zijn .............. | Ds. A. Hijmans |
| Hen die Invalide Zijn .......... | Dr. J. J. Miedema |
| Hen die Bejaard zijn .......... | A. Th. Stegenga |
| Hen die het steeds zeer druk hebben ................... | Prof. Dr. P. J. Roscan Abbing. |

Elkeen van hierdie artikels is besonder insiggewend en wetenskaplik verantwoord. In die artikels word die etiese aspek nie behandel nie byvoorbeeld oor egskeiding, maar daar word slegs gehandel oor die konkrete lewensituasies waarin die sielsorger kan en moet ingryp. Telkens word dan ook gewys dat die mens vanuit die vleeslike situasie na die geestelike situasie teruggelei moet word (Bovet). Dit blyk veral duidelik uit die artikel van Ds. A. Heymens „Hen die Ziek zijn". Soos in elkeen van die artikels word 'n duidelike afbakening gegee van die groep onder bespreking. Dit bring mee dat die taak van die sielsorger baie vergemaklik word omdat hy weet met wie en waarmee hy te doene het. Heymans laat besondere klem val op die individualiteit van die sieke. Daarom het hy reg op persoonlike aandag. Vir die sielsorger is die dringende vraag: Hoe kan ek die sieke dien in sy verhouding tot God, tot Jesus Christus as die reddende Heer van sy lewe?

Die groot taak van die sielsorger is dan om die sieke te help om deur te dring tot die wesenlike nood en die genesing, met ander woorde om aan die sieke die weg tot God aan te dui. Ons het dus 'n profetiese taak: Om die Woord te spreek wat die sieke sal bind aan sy Heer, sodat ons dan oorbodig sal wees. Die wesenlike nood „ligt—in het behoren tot een verscheurde wêreld die, omdat zij de weg tot God kwyt raakte en voortdurend zichself verspert, aan de dood onvergegeven is . . . Men zou ook kunnen zeggen: dat het eigenlijke ziek-zijn zondaar-zijn is. En dat alle bijbelse ‚genesing' allereerst daarop doelt."

Ofskoon daar nog nie 'n merkbare onrus oor die sielsorg bestaan nie (aldus Prof. F. van Zyl) glo ek tog dat dit tyd geword het dat ons ons wetenskaplik sal verantwoord ten opsigte van die sielsorg, daarom sal hierdie boek in 'n bepaalde behoefte voorsien.

D. J. BOOYSEN.